# ONGEOUDITEERDE GROEPRESULTATE

vir die ses maande geëindig 30 September 2008



**Invicta**
HOLDINGS LIMITED

**Inkomste styg met 39%**
**Wins vir die tydperk styg met 30%**
**Verdienste per aandeel styg met 30%**
**Dividend styg met 13%**

(Registrasienommer 1966/002182/06) (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer) (Aandeelkode: IVT) (ISIN-kode: ZAE000029773)

## Verkorte inkomstestaat

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2008 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2007 R'000 | % veran-dering | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2008 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | **2 228 987** | 1 598 960 | 39 | 3 335 496 |
| Bedryfsinkomste | **212 222** | 141 447 | 50 | 360 379 |
| Rente en voorkeurdividend ontvang | **179 900** | 70 006 | | 212 270 |
| Finansieringskoste | **181 967** | 79 982 | | 209 147 |
| Wins voor belasting | **210 155** | 131 471 | 60 | 363 502 |
| Belasting | **57 324** | 13 842 | | 62 646 |
| Wins vir die tydperk | **152 831** | 117 629 | 30 | 300 856 |
| Minderheidsbelang | **20 946** | 12 664 | | 37 491 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **131 885** | 104 965 | 26 | 263 365 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | **184** | 141 | 30 | 356 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | **183** | 139 | 32 | 354 |
| **Bepaling van wesensverdienste** | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | **131 885** | 104 965 | | 263 365 |
| Aanpassings - na belasting en minderheidsbelang indien van toepassing | | | | |
| - Negatiewe klandisiewaarde op sakeondernemingskombinasie | **–** | (88) | | (70) |
| - Wins met uitreiking van aandele deur filiale | **–** | – | | (3 246) |
| - Waardedalingsverlies op eiendom, masjinerie en toerusting | **3 200** | – | | – |
| - Wins met verkoop van tak | **–** | – | | (599) |
| - Wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(3 201)** | (410) | | (4 294) |
| **Wesensverdienste** | **131 884** | 104 467 | | 255 156 |
| **Uitgereikte aandele** | | | | |
| Geweegde gemiddelde aantal (000'e) | **71 536** | 74 341 | | 74 007 |
| Aan die einde van die tydperk (000'e) | **70 801** | 74 341 | | 74 007 |
| Aantal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000'e) | **71 989** | 75 604 | | 74 325 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **184** | 141 | 30 | 345 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | **183** | 139 | 32 | 343 |
| **Dividende per aandeel* (sent)** | | | | 138 |
| Tussentyds | **53** | 47 | 13 | 47 |
| Finale | **–** | – | | 91 |

**In ooreenstemming met IRS10 is die tussentydse dividend van 53 sent per aandeel wat deur die direkteure voorgestel word nie in die tussentydse resultate weerspieël nie.*

## Verkorte balansstaat

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2008 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2007 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2008 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Niebedryfsbates** | **3 385 789** | 1 591 563 | 3 183 780 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **197 251** | 138 789 | 154 996 |
| Uitgestelde belasting | **56 375** | 30 914 | 34 794 |
| Beleggings | **1 195 100** | 1 195 303 | 1 195 303 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **252 908** | 225 070 | 230 414 |
| Lening ontvangbaar en finansiële bates | **1 684 155** | 1 487 | 1 568 273 |
| **Bedryfsbates** | **2 351 512** | 1 477 611 | 2 032 453 |
| Voorraad | **1 360 111** | 822 785 | 1 073 812 |
| Handels- en ander debiteure | **910 749** | 500 299 | 733 466 |
| Banksaldo's en kontant | **80 652** | 154 527 | 225 175 |
| **Totale bates** | **5 737 301** | 3 069 174 | 5 216 233 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **1 163 603** | 1 014 405 | 1 117 738 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **1 053 640** | 940 494 | 1 025 591 |
| Minderheidsbelang | **109 963** | 73 911 | 92 147 |
| **Niebedryfslaste** | **2 913 274** | 1 208 238 | 2 776 809 |
| Langtermynlenings | **2 901 106** | 1 199 894 | 2 764 662 |
| Uitgestelde belasting | **12 168** | 8 344 | 12 147 |
| **Bedryfslaste** | **1 660 424** | 846 531 | 1 321 686 |
| Korttermynlenings | **6 793** | 12 121 | 7 325 |
| Handels- en ander krediteure | **1 622 670** | 815 371 | 1 267 748 |
| Belastingaanspreeklikhede | **16 147** | 13 912 | 31 309 |
| Bankoortrekkings en bankaksepte | **14 814** | 5 127 | 15 304 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **5 737 301** | 3 069 174 | 5 216 233 |

## Verkorte kontantvloeistaat

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **163 422** | 86 366 | 292 574 |
| Finansieringskoste | **(181 967)** | (79 982) | (209 147) |
| Dividend betaal | **(69 290)** | (55 600) | (93 972) |
| Belasting betaal | **(86 694)** | (22 222) | (58 317) |
| Rente en voorkeurdividend ontvang | **179 900** | 70 006 | 212 270 |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite | **5 371** | (1 432) | 143 408 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Netto kontantuitwerking van bateverkrygings | **(48 252)** | (7 260) | (39 985) |
| Netto kontantuitwerking van ander beleggingsaktiwiteite | **(80 355)** | (32 241) | (1 378 118) |
| Netto kontantuitwerking van tesourieaandelebeleggings | **(44 854)** | – | (49 393) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | | |
| Netto kontantuitwerking van aandele uitgereik in terme van Bearing Man-skuldbriefskema | **–** | – | 1 488 |
| Netto kontantuitwerking van lenings aangegaan/(betaal) | **24 057** | (5 068) | 1 337 070 |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | **(144 033)** | (46 001) | 14 470 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **209 871** | 195 401 | 195 401 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | **65 838** | 149 400 | 209 871 |

## Ander inligting

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skuld:Ekwiteit-verhouding (%) (uitgesluit langtermynbefondsingskuld gesekureer deur beleggings en lenings) | **2%** | 2% | 1% |
| Depresiasie en amortisasie (R'000) | **12 449** | 11 531 | 22 918 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **1 488.2** | 1 265.1 | 1 410.7 |
| Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent) | **1 131.0** | 962.4 | 1 093.7 |
| Kapitaalbesteding (R'000) | **54 946** | 11 463 | 39 985 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000) | **1 505** | 4 724 | 1 724 |
| Kapitaalverpligtinge (R'000) | **32 390** | 774 | 623 |

| **Verkryging van sakeondernemings** | Disa Equipment (Pty) Ltd | Goldquest & ander | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|
| Effektiewe datum | 1 Apr 2008 | 1 Aug 2008 | |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | 1 546 | 13 559 | **15 105** |
| Uitgestelde belasting | 6 814 | (1 209) | **5 605** |
| Langtermynlaste | – | (2 916) | **(2 916)** |
| Handels- en ander debiteure | 11 709 | 17 291 | **29 000** |
| Kontant en kontantekwivalente | 5 960 | 7 154 | **13 114** |
| Voorraad | 137 565 | 41 009 | **178 574** |
| Handels- en ander krediteure | (145 609) | (15 859) | **(161 468)** |
| Belasting | (4 606) | (1 433) | **(6 039)** |
| **Billike waarde van bates verkry** | 13 379 | 57 596 | **70 975** |
| Klandisiewaarde met verkryging | 11 793 | 10 701 | **22 494** |
| Koste van verkryging | 25 172 | 68 297 | **93 469** |
| Kontant en kontantekwivalente verkry | 5 960 | 7 154 | **13 114** |
| Netto kontantuitwerking van verkryging van filiale | 19 212 | 61 143 | **80 355** |
| Wins na belasting sedert verkrygingsdatum ingesluit in die gekonsolideerde verkorte resultate vir die tydperk | 3 794 | 3 084 | **6 878** |
| Wins na belasting indien bogenoemde sakeondernemings vir die hele tydperk ingesluit was | 3 794 | 7 901 | **11 695** |

## Verkorte staat van veranderinge in ekwiteit

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2008 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2007 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2008 R'000 |
|---|---|---|---|
| **AANDELEKAPITAAL** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **3 635** | 3 717 | 3 717 |
| Aandele uitgereik in terme van Bearing Man-skuldbriefskema | **–** | – | 7 |
| Tesourieaandele | **(95)** | – | (89) |
| Eindsaldo | **3 540** | 3 717 | 3 635 |
| **AANDELEPREMIE** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **233 411** | 281 234 | 281 234 |
| Aandele uitgereik in terme van Bearing Man-skuldbriefskema | **–** | – | 1 481 |
| Tesourieaandele | **(44 759)** | – | (49 304) |
| Eindsaldo | **188 652** | 281 234 | 233 411 |
| **BEHOUE VERDIENSTE** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **763 697** | 588 011 | 588 011 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **131 885** | 104 965 | 263 365 |
| Dividende betaal | **(66 160)** | (52 782) | (87 679) |
| Eindsaldo | **829 422** | 640 194 | 763 697 |
| **ANDER RESERWES** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **24 848** | 13 199 | 13 199 |
| Voortspruitend uit die uitreiking van aandele-appresiasieregte | **6 420** | 2 290 | 9 672 |
| Voortspruitend uit omrekening van buitelandse bedrywighede | **758** | (140) | 1 977 |
| Eindsaldo | **32 026** | 15 349 | 24 848 |
| Toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers | **1 053 640** | 940 494 | 1 025 591 |
| **MINDERHEIDSBELANG** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **92 147** | 44 685 | 44 685 |
| Toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers | **20 946** | 12 664 | 37 491 |
| Netto belegging in filiale | **–** | 19 379 | 16 375 |
| Dividend betaal | **(3 130)** | (2 817) | (6 404) |
| Eindsaldo | **109 963** | 73 911 | 92 147 |

## Segmentinligting

| | Ingenieurs-verbruiks-goedere R'000 | Kapitaal-toerusting en -onderdele R'000 | Niesegment-toewysings R'000 | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|---|
| **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 September** | | | | |
| **Inkomste – 2008** | **1 004 633** | **1 149 713** | **74 641** | **2 228 987** |
| Inkomste – 2007 | 761 717 | 801 290 | 35 953 | 1 598 960 |
| **Wins uit bedrywighede voor finansieringsrente en voorkeurdividend ontvang – 2008** | **144 245** | **59 700** | **8 277** | **212 222** |
| Wins uit bedrywighede voor finansieringsrente en voorkeurdividend ontvang – 2007 | 98 035 | 46 478 | (3 066) | 141 447 |
| **Totale bates – 2008** | **1 040 081** | **1 095 908** | **3 601 312** | **5 737 301** |
| Totale bates – 2007 | 723 669 | 732 236 | 1 613 269 | 3 069 174 |
| **Totale laste – 2008** | **389 044** | **926 537** | **3 258 117** | **4 573 698** |
| Totale laste – 2007 | 184 537 | 627 245 | 1 242 987 | 2 054 769 |

## Aantekeninge by die finansiële inligting

**Aanbiedingsgrondslag**

Die gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig IRS34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die noteringsvereistes van JSE Beperk en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word, opgestel. Die venaamste rekeningkundige beleide soos in die Groep se jaarverslag vir 2008 uiteengesit, is deurgaans in die sesmaandetydperk onder oorsig konsekwent toegepas.

## Kommentaar

**Groepaktiwiteite**

Die Invicta Groep bly 'n belangrike streekspeler in die invoer ek verspreiding van:

- Laers, bande, seëls, kragtransmissieprodukte, ratmotore, hegstukke en hidroulika ("BMG")
- Landboumasjinerie en -toerusting ("Northmec") en New Holland SA ("New Holland")
- Konstruksie- en grondverskuiwingstoerusting, grasbaanversorgingstoerusting en gholfnutsmotors ("CSE en Doosan SA")
- Motor- en motorfietsonderdele ("Autobax")
- Vloerteëls, muurteëls en sanitêre ware ("Tiletoria").

**Finansiële oorsig**

Die Groep het weer uitstekende resultate behaal. Die tydperk onder oorsig was gekenmerk deur 'n swakker rand en 'n sterk vraag na die meeste groepprodukte, grootliks aangedryf deur 'n hoë vraag uit die mineraal- en landbouhulpbronnesektor. Onstuimighede in die wêreld finansiële markte het teen die einde van die tussentydse tydperk begin opduik, maar dit het geen opvallende uitwerking op die Groep se prestasie gedurende die tydperk gehad nie. Omset het met 'n gesonde 39% tot R2.229 miljard (2007: R1.599 miljard) gestyg. Organiese groei in omset was 27%, terwyl omsetgroei as gevolg van verkrygings 12% was. Daar bestaan aanduidings dat die Groep se jaarlikse omset met gemak R4 miljard vir die volle jaar sal oorskry, wat 'n nuwe mylpaal sal wees. Verbeterde marges en streng kostebeheer het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 50% tot R212 miljoen (2007: R141 miljoen) gestyg het. Die groepbelastingkoers het tot 27% gestyg, wat gelei het tot R153 miljoen (2007: R118 miljoen) wins vir die tydperk, 30% hoër. Daarbenewens het die Groep belangrike strategiese verkrygings in die hidroulika- en konstruksiemasjineriebedryf gedoen en ook sy eie aandele vir R45 miljoen teruggekoop.

**BMG (Bearing Man Groep)**

BMG het sy uitstekende groeirekord voortgesit. Inkomste het met R243 miljoen (32%) tot R1,005 miljard (2007: R762 miljoen) gegroei. Organiese groei was 29% en 3% was toeskryfbaar aan verkrygings. Goeie margebestuur en kostebeheer het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 47% tot R144 miljoen (2007: R98 miljoen) verbeter het. 'n Bedryfswinsmarge van 14,3% is behaal, wat 12,9% hoër was as verlede jaar se tussentydse tydperk. Alle afdelings het goed gepresteer, behalwe die motorvoertuigafdeling wat 'n laer vraag ondervind het in ooreenstemming met die daling in die motorbedryf in sy geheel. BMG bly die vernaamste bydraer tot groepwinste en pluk die vrugte van inisiatiewe wat verlede jaar geïmplementeer is om volhoubare winsgroei te verbeter. Op 1 Augustus 2008 het BMG 100% van Goldquest Hydraulics vir kontant verkry in 'n transaksie wat op tussen R60 miljoen en R65 miljoen gewaardeer word (afhangende van winswaarborge en ander prestasiekriteria), waarvan R60 miljoen teen 30 September 2008 betaal is, met die saldo betaalbaar binne die volgende 12 maande. Hierdie strategiese verkryging sal BMG in staat stel om op 'n betekenisvolle wyse tot in die hidroulikamark te groei.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Bearing Man begin met 'n aksie om sy handelsnaam te verander deur die talryke handelsname van sy handelsafdelings in een handelsnaam, BMG, te konsolideer. Dit sal die verdubbeling van uitgawes uitskakel en markbewustheid van 'n gekonsolideerde handelsnaam wat die erfenis en produkreeks van die Bearing Man Groep weerspieël, verstewig. Die grootste deel van die koste verbonde aan die handelsnaamverandering is gedurende die tydperk onder oorsig afgeskryf.

**Kapitaaltoerusting**

Invicta se kapitaaltoerustingafdelings het besonder goed gepresteer, met omset wat met R348 miljoen tot R1,150 miljard (2007: R801 miljoen) gestyg het, 43% hoër as verlede jaar. Van dié groei was 27% toeskryfbaar aan organiese groei en 16% aan verkrygings. Die landbousektor maak die grootste deel uit van die organiese groei, wat grootliks deur hoëgraanpryse aangedryf is. Groei in bedryfswins van 28% was minder as die groei in omset as gevolg van die Groep se grondverskuiwings- (en grasbaantoerusting-) afdelings, CSE en Doosan SA, wat R300 miljoen tot omset bygedra het maar sonder 'n wedersydse bydrae tot bedryfswins. CSE het steeds gesukkel met mededingende pryse in die grondverskuiwingsbedryf en sy grasbaantoerustingafdeling het 'n skerp daling in die vraag na masjinerie deur gholfbane ondervind. 'n Verbeterde prestasie word in die tweede helfte van die finansiële jaar verwag. Doosan SA het groot eenmalige koste aangegaan om bokoste te verlaag en winsgewendheid te verbeter. Dié stappe was suksesvol en behoort tot gevolg te hê dat Doosan SA 'n betekenisvolle bydrae tot die Groep se winste in die toekoms lewer.

**Tiletoria**

Soos verwag, het die teëlbedryf in Suid-Afrika gedaal in ooreenstemming met die behuisingsektor weens hoër rentekoerse en die BBP-groei. Tiletoria, wat effektief 1 Junie 2007 verkry is, het bo alle verwagtinge sy omset en bedryfswins verbeter in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk in 2007. Sy bydrae tot die Groep is nog nie wesenlik nie, maar behoort in die volgende vyf jaar aansienlik te groei.

**Algemeen**

In die tweede helfte van die laaste finansiële jaar het die Groep 'n aantal transaksies aangegaan wat daarop gemik was om die Groep se oorkoepelende befondsingskoste te verlaag. Dit was die vernaamste rede waarom rente en die voorkeurdividend ontvang met R110 miljoen, en finansieringskoste met R102 miljoen, gestyg het vergelyking met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

**Vooruitsigte**

Die onlangse wêreldwye inploffing van finansiële markte het dit baie moeilik gemaak om die toekomstige vraag na groepprodukte te voorspel. Internasionaal het die pryse van minerale en landboukommoditeite gedaal, wat waarskynlik druk op die klante van BMG en die Groep se Landboumasjinerie-afdelings sal uitoefen. Enige daling in volumes sal egter waarskynlik deels deur prysverhogings voortspruitend uit 'n swakker rand teengewerk word. Volumes in die konstruksietoerustingbedryf het ook 'n hoogtepunt bereik as gevolg van die heersende ekonomiese toestand, wat waarskynlik tot min groei in die Groep se konstruksietoerustingafdelings sal lei. Dit kan egter teengewerk word deurdat verwag word dat Doosan SA in die tweede helfte van die finansiële jaar 'n wesenlike bydrae sal lewer ná sy herstrukturering sedert verkryging. In die lig van die heersende onsekerheid in die markte volg die bestuur 'n omsigtige benadering en daar sal gefokus word op bedryfskapitaalbestuur en die bou van kontantreserwes om verkrygings en ander groeigeleenthede te benut. Gevolglik is die dividenddekking vir die tussentydse tydperk effens verhoog tot 3,5 keer in vergelyking met historiese dekking van 3 keer. Die Direksie stel voor dat hierdie konserwatiewe dividenddekking tot die jaareinde verleng word en dat die jaarlikse dividenddekking tot 3 keer in vergelyking met historiese dekking van 2,5 keer verhoog word.

Handel in Oktober was goed, maar die uitwerking van die wêreldwye finansiële onstuimigheid en die aansienlike verswakking van die rand gee aanleiding tot onsekere tye. Gegewe die Groep se sterk eienskappe van goeie bestuur, stewige sakeondernemings en lae hefboomfinansiering is die Direksie vol vertroue dat aanvaarbare resultate sal voortduur vir die res van die jaar. Die Groep verwag dat die hoë rentekoerse en 'n swak rand tot die ontstaan van goeie verkrygingsgeleenthede sal lei. Met sy goeie kontantreserwes en sterk balansstaat sal Invicta goed geposisioneer wees om sodanige geleenthede te benut.

Dr C H Wiese — A Goldstone
*Voorsitter* — *Besturende direkteur*

**Dividend**

Die Direksie het 'n tussentydse dividend van 53 sent per aandeel verklaar.
Die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste datum vir verhandeling met dividend | Vrydag, 28 November 2008 |
| Eerste datum vir verhandeling sonder dividend | Maandag, 1 Desember 2008 |
| Rekorddatum | Vrydag, 5 Desember 2008 |
| Betaaldatum | Maandag, 8 Desember 2008 |

Aandelesertifikate mag van Maandag, 1 Desember 2008, tot en met Vrydag, 5 Desember 2008, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Op las van die direksie
C Barnard — Johannesburg
*Sekretaris* — 7 November 2008

BMG · CSE · NEW HOLLAND AGRICULTURE · DOOSAN · NORTHMEC · Tiletoria · AUTOBAX

**GEREGISTREERDE KANTOOR**
Invicta Holdings Limited
3de Verdieping, Pepkorgebou
Stellenbergweg 36
Parow Industria 7493
Posbus 6077
Parow-Oos 7501

**OORDRAGSEKRETARIS**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Grondverdieping
Marshallstraat 70
Johannesburg 2001
Posbus 61051
Marshalltown 2107

**DIREKTEURE**
Dr CH Wiese*, C Barnard, A Goldstone, AK Masuku*, J Mthimunye#, DI Samuels*, RE Sherrell*, AM Sinclair, GE Walters#,
* Nie-uitvoerend #Plaasvervanger

**BORG**
Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk

www.invictaholdings.co.za